

14 Oktober

Here, ek is lief vir U

Skrifgedeelte: Psalm 18:1-7 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 18:2

In dié psalm speel Dawid met beeldende taal en dig 'n meesterstuk wat gesing is op Israel se godsdienstige feeste. Met dié danklied sing Dawid tot eer van die HERE wat Hom altyd openbaar as die Hoorder en Verhoorder van die gelowige se gebed. Al die kere wat God Dawid gered en bewaar het, selfs voor die spies van koning Saul, is vir hom 'n duidelike bewys dat hy aan die Here behoort en dat God 'n besondere doel met hom het.

Dawid se dank trek met 'n punt na God, en waar sy hart van vol is, loop sy mond van oor: “Ek het U hartlik lief, HERE, my sterkte.”

Hoe het God ons nie al verhoor in ons lewe nie! As dinge vir ons net eenvoudig te veel word, as die ouderdom of siekte ons lewenskwaliteit wegskaaf – ja, so dikwels as wat daar teleurstellings is wat ons knak, is die uitkoms skielik weer daar.

Dit laat Dawid uitjubel: “Ek het U hartlik lief, HERE, my sterkte.” Dit is taal waarvoor ons gereformeerdes bang is. Tog staan dit in die Woord van God dat ons vir die HERE kan sê ons is lief vir Hom! Is dit nie vir ons baie lekker as ons kinders en kleinkinders vir ons sê dat hulle vir ons baie lief is nie? God is ons Vader en Hy wil dit ook hoor. Die Here Jesus vra tot drie keer vir Simon Petrus of hy Hom lief het. Hoe magtig het Hy nie sy liefde vir ons met sy bloed bewys nie?

Ons gebede is dikwels net versoeke, maar wanneer laas het jy vir die HERE gesê dat jy Hom hartlik liefhet? Doen dit en ervaar die vreugde van sy seëninge.

Sing: Psalm 18:1

Ds. Andries H Mulder (Emeritus)